**20 Mei**

## Saam met Jesus op die lewenspad

**Skrifgedeelte: Lukas 2:25-40**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:36-38**

’n Mens kan jou so maklik deur eensaamheid laat onderkry. Dan gaan sit jy in ’n hoekie en betreur jou lot. En jy sê daar kan niks aan gedoen word nie.

Die Woord wys ’n ander moontlikheid met die geskiedenis van Anna die profetes. Haar lewe was nie sonder hartseer en moeite nie. Sy was ’n weduwee. Weduwees het dit nie te maklik gehad in daardie tyd nie. Hulle moes baie keer in die oë van ander kyk om oor die weg te kom. Dit kon maklik lei tot eensaamheid. En daarby het haar ouderdom ook teen haar getel. Sy was 80 jaar oud en het in al daardie tyd slegs sewe jaar gehad om die vreugde van ’n huwelik te hê.

Maar Anna se eensaamheid is in haar diens aan die Here veredel tot heerlike gemeenskap met Hom. Sy het aan Hom vasgehou in die geloof (Heb 11). Sy kom uit die stam van Aser. Sy is dus ’n kind van die verbond en sy het ook in – en uit – die verbond gelewe. Haar aanbidding was gereeld en sy het met haar diens volgehou en nie laat slap lê nie. Haar lewe was aan die Here gewy én toegewy.

Sy het haar lewenspad saam met die Messias van God afgeloop. God se beloftes van die verbond was vir haar volle werklikheid. Sy beloftes wás haar werklikheid. Soos die gelowiges van Hebreërs 11 het sy die oog gehou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (Heb 12:2). Ook Paulus het die goeie wedloop afgelê, die wenstreep bereik en enduit volgehou (2 Tim 4:7).

Gaan doen jy net so!

*Sing: Psalm 91:1*

*Ds. Bouwie de Klerk (Emeritus)*